

VOLKSBLAD, DONDERDAG 13 NOVEMBER 2003

## Hulle duld nie dwelms, sê klubbases

### Sê hul sê nadat polisie op nagklubs in Bfn toegeslaan het

**DIE polisie het te midde van groot ophef 'n klopjag vir dwelmmiddels op Bloemfonteinse klubs gedoen. Hoe beleef klubbases dié soort optrede en wat is hul standpunt oor dwelmmiddels? GERT COETZEE het met hulle gepraat.**

OOR een ding is Bloemfonteinse klubeienaars dit eens. Hulle sê hulle duld nie dwelmmiddels op hul persele nie en gee hul volle samewerking om die dwelmbedryf met wortel en tak uit te roei. Maar word hul plekke se beeld aangetas, raak hulle moeilik.

Mnr. Luigi Lupacchini, eienaar van die Reds-nagklub en Westend-musiekkroeg, is al 22 jaar in die nagklubbiedryf in Bloemfontein betrokke.

"Sover ek weet, was geen Bloemfonteinse klubeienaar ooit betrokke in dwelmshandel nie. Hulle laat dit ook nie toe nie. Niemand het nog ooit in 'n Bloemfonteinse klub weens 'n oordosis dwelmmiddels uitgehaak nie.

"Ons is kuierplekke met die hoofdoel om drank en vermaak te lewer. Die mens is 'n sosiale wese. Beheerde sosiale plekke voorsien dus in 'n behoefte in die moderne samelewing. Jong mense kan tog nie van Maandag tot Sondag saans tuis sit nie.

"Maar 'n kuierplek met die hoofdoel om drank en vermaak te lewer, is ook 'n sake-onderneming wat harde werk van 10:00 tot 05:00 verg. Daarom verpes ons dwelmshandelaars, want hulle is parasiete wat teer op die mark wat ons skep. Hulle wil uit ons hardverdiende wins put."

Hy beskou dwelmsmisbruik as 'n "maatskaplik-ekonomiese probleem", wat grootskaals deur alle belangegroepes in vennootskap opge los behoort te word.

"Skreeuendes oor dwelms by klubs, moet eers voor hul eie deur vee. Die dwelmsprobleem kom nie uitsluitlik by klubs voor nie. Dwelmsmisbruikers is gewone mense wat ook ander gebruiksartikels koop en ander plekke besoek. Opvoeding behoort tuis te begin."

Oor polisie-optrede laat Lupacchini hom nie uit nie. "Dwelmsbedrywighede moet uitgewis word, maar klubbiesoekers behoort nie soos misdadigers behandel te word nie."

Hy meen die dwelmsbedryf moet by die bron - "laboratoriums en bergplekke" - gesmoor word. "Ondergrondse optrede eerder as 'n aanslag op openbare plekke sal dalk beter werk."

Voorts behoort die polisie klubeienaars oor die voorkoms van dwelmmiddels en oor optrede in te lig.

Lupacchini benadruk dat klubeienaars se magte beperk is. "By Reds deursoek ons mense en aanvaar dan hulle is 'skoon'. Wat hulle vooraf doen, het ons nie beheer oor nie.

"Klubs het ook 'n maatskaplike verantwoordelikheid én 'n gewete. In Reds het ons nog nooit 'n

dwelmverkoper op heter daad betrap nie, maar as dit gebeur, sal hy hardhandig verwyder word. Maar dis verkeerd om klubs vir ander elemente se wandade te straf."

Mnr. Johann Coertzen, eienaar van Mystic Boer, en Andries Visser, bestuurder, verwelkom polisie-optrede, maar betreur "eensydige, selektiewe publisiteit wat nie in konteks is nie".

"Ons verdra nie dwelmmiddels in ons klub nie, maar ons is nie die polisie wat iemand in hegtenis kan neem nie. Enigiemand wat vermoedelik dwelmmiddels het, word versoek om onmiddellik die perseel te verlaat. As die persoon terugkom, bel ons die polisie.

" 'n Polisie-klopjag is 'n goeie ding, want dit maak ons werk makliker. Ons gee dus onmiddellik ons samewerking. Ons werkers weet hulle moet die ligte aansit en gaste versoek om buite toe te gaan."

Coertzen en Visser sal "billike nuusdekking" in die geval van 'n klopjag waardeer. "As 'n halwe banksakkie dwelms aan 'n besoeker gekry word, móét gemeld word dat dit slegs een was van die 1 000 besoekers aan die klub op daardie aand .

"Die opmerking van iemand in die straat kan ook nie as verteenwoordigend en buite verband aangehaal word as 'n regte weergawe van sake nie."

Mnr. Andrew Michelle , eienaar van Cool Runnings, wat ook onder die klopjag deurgeloop het, wou nie kommentaar lewer nie. "Dit sal onvanpas wees omdat geen dwelmmiddels hier gekry is nie. Ons sal ook nie dwelmmiddels hier duld nie.

"Ons is 'n kuierplek vir die gesin en lid van 'n internasionale konsessiegroep.

"Mense dink dikwels verkeerdlik ons is 'n reggae-klub."

Michelle is ook ontsteld omdat 'n foto wat by Cool Runnings geneem is saam met 'n berig oor die klopjag in Volksblad verskyn het.

Stones Pub & Grill, waar die polisie ook was, wou as 'n lid van 'n nasionale konsessiegroep ook nie kommentaar lewer nie.

## **Grafika**